HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van ‘n geskikte persoon in die volgende vakature:

DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE

Trekkerbestuurder : Slangrivier (T6 – R99 567.00 tot R129 257.52 bruto per jaar)
Vereistes : Graad 10 (Moet kan lees en skryf) • Fiks en gesond • Instaat wees om in gure weersomstandighede te werk • Kode C1 bestuurderslisensie • 3 maande ondervinding in ’n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling doen.
Pligte : Bestuur trekker met sleepwa en bossiekapper • Suig riool met riooltenkwa • Instandhouding en skoonmaak van voertuie • Behulpsaam met skoffelwerk en oplaai van vullis • Toesighouding • Tree op as operateur van konstruksie masjiene, laaigraaf en tipbakvragmotor.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate kan aan ’n praktiese toets onderwerp word.

‘n Munisipale aansoekvorm is verpligtend en ‘n CV kan addisioneel aangeheg word. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV’s en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak mev A Groenewald by 028 713 7800

Sluitingsdatum : 17 Mei 2016

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 31 Julie 2016 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.